2.14 Is daar enige prosedure waarvolgens gepoog word om blinde kindertjies vroeg op te spoor en ouers op hoogte te stel met die moontlikhede wat daar vir hul kinders bestaan?

### 3. PERSONEELAANGELEENTHEDE

3.1 Verstrek asseblief die getal poste soos deur die Departement van Nasionale Opvoeding goedgekeur. Dit sal waardeer word indien die aantal poste per vlak van onderwys en opleidingsrigting, en die aantal deelydse poste aangedui kan word.

- a. Onderwyspersoneel.
- b. Personeel van Vak- en Beroepsafdeling.
- c. Koshuispersoneel.
- d. Administratiewe personeel.

- e. Ander personeel (Musiekonderwysers, onderwysersielkundiges en mediese en paramediese personeel).
- 3.2 Gee asseblief 'n uiteensetting van alle addisionele personeel deur die kerklike beheerliggaam bewillig.
- 3.3 Sou u 'n uitbreiding van enige van hierdie personeel wou sien? Bespreek asseblief.
- 3.4 Wat is die huidige departementele onderwyser-leerlingkwota? (personeelvoorsieningskaal)
  - a. Pre-primêre afdeling
  - b. Primêre afdeling
  - c. Sekondêre afdeling
  - d. Beroeps- en Vakafdeling
  - e. Musiekonderwysers
  - f. Onderwysersielkundiges
- 3.5 Wat is volgens u mening die maksimum getal blinde leerlinge wat aan 'n onderwyser toevertrou kan word om doeltreffende onderwys te verseker? Dui asseblief afsonderlik aan vir die verskillende vlakke van onderwys en beroepsopleidingsrigtings.
- 3.6 Sou u die verwerping van 'n diploma in buitengewone onderwys as 'n vereiste vir aanstelling in 'n onderwyspos aan u skool wou stel?
- 3.7 Hoeveel van u onderwyspersoneel besit die Diploma in Buitengewone Onderwys (DBO)?
- 3.8 Word leerkragte aangemoedig om 'n diploma in buitengewone onderwys te verwerf? Byvoorbeeld by wyse van spesiale vergoeding, beurse en studieverlof?
- 3.9 Bestaan daar die een of ander indiensopleidingsprogram vir nuwe leerkragte aan u skool? Lig toe.

3.10 Ondervind u besondere probleme met die verwisseling van onderwysers? Bespreek.

3.11 Vind daar 'n spesifieke onderverdeling van u personeel vir òf die onderwys van blindes, òf die onderwys van swaksiendes plaas?

3.12 Indien nie, sou u sodanige verdeling as wenslik beskou? Lig toe asseblief.

3.13 Bestaan daar enige spesiale opleidingsprogram vir die onderwys van doofblindes aan u skool?

3.14 Indien wel, lig toe.

3.15 Bestaan daar enige inrigtings wat opleiding in die onderwys van doofblindes verskaf?

3.16 Moet u koshuis-, en beroeps- en vakafdelingpersoneel enige opvoedkundige kwalifikasies besit?

3.17 Van watter opleidingskursusse vir die opleiding van onderwysers vir blinde leerlinge is u bewus?

3.18 Is daar enige faset in die opleidingsprogram van onderwysers vir blindes wat na u mening meer beklemtoon behoort te word, of enige aspek wat u reken in die opleidingsprogram ingesluit behoort te word?

3.19 Dra u kennis of studente van 'n diploma in buitengewone onderwys enige praktiese opleiding deurloop?

3.20 Dra u kennis van beurse wat aan persone vir opleiding in die onderwys van blinde leerlinge toegeken word? Lig toe asseblief.

3.21 Ondervind u besondere probleme om geskikte onderwysers vir u skool te bekom?

#### 4. KURRIKULA, SILLABUSSE EN SERTIFIKAATUITREIKING

4.1 Watter departement of instansie is verantwoordelik vir die opstel van die kurrikula en sillabusse aan u skool? (primêre en sekondêre afdeling)

4.2 Word in die pre-primêre afdeling 'n voorgeskrewe program gevolg? Indien wel, deur wie voorgeskryf?

4.3 Deur wie word die inhoud van die vakke in die Beroepsafdeling voorgeskryf?

4.4 Dui die *verpligte vakke* aan wat deur blinde leerlinge aan u skool gevolg word.

- a. Primêre afdeling
- b. Sekondêre afdeling

4.5 Dui al die keusevakke aan wat deur blinde leerlinge in die verskillende afdelings aan u skool gevolg kan word, asook die aantal wat op verskillende stadiums gekies moet word.

- a. Primêre afdeling
- b. Sekondêre afdeling

4.6 Dui die beroepsopleidingsprogramme aan wat deur blinde leerlinge in die Beroepsafdeling deurloop kan word.

- a. Beroepsopleiding waarvoor matriek nie 'n vereiste is nie.
- b. Na-matriekulasieopleiding

4.7 Dui die vakopleiding (handwerk) aan wat in die Vakafdeling gevolg kan word.

4.8 Watter sertifikate kan blinde leerlinge na voltooiing van sekere standers verwerf?

4.9 Watter sertifikate word aan leerlinge in die Beroepsafdeling uitgereik?

- 4.10 Word aan leerlinge in die Vakafdeling enige sertifikate uitgereik?
- 4.11 Kan u kortliks die pre-primêre aktiwiteite vir blindes aan u skool skets? (binne en buite die klaskamer.)
- 4.12 Word alle vakke in die sekondêre skool slegs op een vlak aangebied, of is daar 'n vorm van gedifferensieerde sillabusse vir blindes in dieselfde standerd?
- 4.13 Is daar enige vorm van stroomverdeling vir blinde leerlinge, byvoorbeeld 'n akademiese en 'n handelstroom?
- 4.14 Op 'n sekere stadium gedurende sy hoërskoolloopbaan moet die blinde leerling besluit met watter vakke hy wil voortgaan. Kan u moontlik aandui in watter mate die blinde leerling self tot 'n verantwoordbare keuse kan kom en of daar in hoë mate vir hom besluit moet word?
- 4.15 Watter kriteria word aangewend om die blinde leerling te help in sy vakkeuse gedurende sy sekondêre skoolloopbaan? (byvoorbeeld intelligensie, belangstelling, prestasie.)
- 4.16 Word departementeelvoorgeskrewe sillabusse stiptelik gevolg of word sekere aanpassings vir alle blinde leerlinge gemaak?
- 4.17 Indien wel, wie besluit oor die aard van wysiginge?
- 4.18 Gebeur dit dat blinde leerlinge matriek sonder universiteitstoelating verwerf?
- 4.19 Indien sodanige leerlinge nie beroepsopleiding deurloop het nie, watter beroepsmoontlikhede bestaan vir hulle?
- 4.20 Is daar enige vakke wat op die oomblik nie in die sekondêre skool aangebied word nie wat u graag in die kurrikulum sou wou insluit? Verstrek u redes.

4.21 Bespreek die vernaamste probleme wat blindes ondervind in hul poging om die sillabusse wat vir siende leerlinge voorgeskryf is, baas te raak?

4.22 Is daar enige vakke waarmee blindes besondere probleme ondervind? Bespreek asseblief.

4.23 Word spesifieke vakhandboeke vir blinde leerlinge deur die Departement van Nasionale Opvoeding voorgeskryf?

## 5. AANBIEDING, EVALUERING EN BEVORDERING

5.1 Word klasonderwys deur een onderwyser of vakonderwys deur verskillende onderwysers aan blindes aan u skool gegee?

a. Primêre afdeling.

b. Sekondêre afdeling.

5.2 Indien in sommige standerds sowel vak- as klasonderwys toegepas word, onderskei asseblief tussen die verskillende vakke in hierdie verband.

5.3 Stel die grootte van die klasse onderwysers in staat om werklik individuele onderrig te gee?

5.4 Ondervind u besondere probleme met groot bekwaamheidsverskille tussen blinde leerlinge in dieselfde standaard in die sekondêre skool?

5.5 Bestaan daar enige vorm van groepering van blinde leerlinge in dieselfde standaard of dieselfde klasgroep?

5.6 Volgens watter kriteria word sodanige groepering gemaak?

5.7 Skryf blinde leerlinge dieselfde openbare eksamens as ander leerlinge aan departementele skole? Indien nie, lig toe.

5.8 Kan u kortliks die vernaamste verskille wat betref die skolastiese evaluering van blinde leerlinge teenoor siende leerlinge

aandui? (byvoorbeeld ten opsigte van tydsduur, mondelinge vrae, gebruik van tikmasjiene.)

5.9 Wie eksamineer die antwoordstelte van blinde leerlinge in openbare eksamens?

5.10 Gebeur dit dat blinde leerlinge dieselfde standaard moet herhaal of word hulle slegs na opleiding in 'n handvaardigheidsrigting oorgeplaas?

5.11 Word vir verstandelik vertraagde blinde leerlinge in die primêre skool in afsonderlike klasse voorsiening gemaak? En in die koshuise?

5.12 Hoe verskil sodanige leerlinge se skolastiese program van dié van ander blinde leerlinge?

5.13 Op watter stadium word blinde leerlinge na die Vakafdeling oorgeplaas?

5.14 Word leerlinge met "normale" verstandelike vermoë ook soms na die Vakafdeling vir opleiding in 'n handvaardigheidsrigting oorgeplaas? Indien wel, verstrek die rede asseblief?

5.15 Op watter stadium word besluit of leerlinge na die Beroepsafdeling oorgeplaas sal word, of vir matrikulasie sal aspireer?

5.16 Watter aspekte word by sodanige oorplasing in ag geneem?

5.17 Hoe word gehandel indien die blinde leerling en/of sy ouers van mening is dat hy hom akademies moet bekwaam, en u die beskouing huldig dat hy na die Beroepsafdeling oorgeplaas moet word?

5.18 Gebeur dit soms dat 'n leerling voor matriek die skool verlaat sonder dat hy/sy beroepsopleiding deurloop het? Lig toe asseblief.

5.19 Sou u sê dat daar heelwat blinde leerlinge is wat onderpotensiaal presteer? Kan u moontlik redes vir u antwoord verstrek?



- 5.20 Ongeveer watter persentasie van u blinde st. 6-leerlinge slaag die st. 10-eksamen?
- 5.21 Ongeveer watter persentasie van u leerlinge wat universiteitsvrystelling verwerf, gaan verder studeer aan tersiêre opleidingsinrigtings?
- 5.22 Hoe word gehandel met leerlinge wat gedurende hul sekondêre skoolloopbaan nie die mas kan opkom nie?
- 5.23 Op watter stadium en/of ouderdom word blinde leerlinge van die Vakafdeling na beskutte werksinkels oorgeplaas?
- 5.24 Is u van mening dat leerlinge wat vir beskutte werksinkels voorberei word, aan u skool tuishoort?
- 5.25 Bestaan daar wesenlike verskille tussen die primêre onderwysprogramme van leerlinge wat waarskynlik
- die sekondêre skool sal deurloop
  - na die Beroepsafdeling oorgeplaas sal word,
  - vir beskutte werksinkels voorberei word?
- 5.26 Indien wel, *hoe* word ten aansien van hierdie verskillende kategorieë in die onderwysprogram gedifferensieer?
- 5.27 Is daar enige vasgelegde prosedure of maatstawwe waarvolgens getrag word om vas te stel of 'n leerling sowel vakkundig as ten opsigte van persoonstruktuur, gereed is om die skool te verlaat en tot die ope arbeidsmag toe te tree?
- 5.28 Ontvang leerlinge in die Beroepsafdeling nog onderrig in skoolvakke ook, of is beroepsopleiding uitsluitlik 'n naskoolse aangeleentheid?
- 5.29 Gebeur dit dat leerlinge in sommige vakke goed presteer en in ander nie die mas opkom nie? Bespreek asseblief.
- 5.30 Beskik u oor toetse om te probeer bepaal of 'n klein blinde kind skoolgereed is?

- 5.31 Deurloop die blinde kind as 'n reël die sekondêre skool in dieselfde tydperk as die siende kind?
- 5.32 Indien wel, sou u sê dat dit 'n verantwoordbare toedrag van sake is?

## 6. SKOOLVOORLIGTING EN PEDOTERAPEUTIESE AANGELEENTHEDE

- 6.1 Bestaan daar 'n skoolvoorligtingsprogram aan u skool? Indien wel, wat behels dit? (byvoorbeeld onderwysvoorligting, beroepsvoorligting, voorligting in verband met mobiliteit)
- 6.2 Bestaan daar 'n oriënteringsprogram vir leerlinge wat op 'n gevorderde stadium van hul skoolloopbaan tot die afdeling vir blindes toegelaat word? Lig toe.
- 6.3 Watter kwalifikasies behoort personeel volgens u mening te besit om skoolvoorligting en terapeutiese hulpverlening aan blinde leerlinge te kan gee?
- 6.4 In hoeverre beantwoord u skoolvoorligtingspersoneel aan genoemde vereistes?
- 6.5 Vorm die skoolvoorligtingsprogram 'n integrale deel van die skoolprogram? Lig toe.
- 6.6 Word persoonsbeelde van individuele leerlinge soms saamgestel?
- 6.7 Indien wel, gee 'n kort oorsig van diagnoseerings- en evalueringsmetodes en -middele wat gebruik word om persoonsbeelde te kan saamstel.
- 6.8 Word hierdie persoonsbeelde in ag geneem tydens onderrig aan leerlinge en om in die besondere opvoedingsbehoeftes van spesifieke kinders te voorsien?

6.9 Is daar enige leemtes in die skoolvoorligtingsprogram vir blindes wat u sou wou noem? (byvoorbeeld in verband met die beskikbaarheid van toetse.)

6.10 Bestaan daar 'n spesifieke ortodidaktiese program vir blinde leerlinge met leerprobleme? Indien wel, lig toe asseblief.

6.11 Gee 'n kort uiteensetting van die prosedure wat aan u skool gevolg word wanneer 'n leerling vir die eerste maal toegelaat word; dit wil sê stappe wat geneem word om hom te verwelkom, bekend te stel, ensovoorts. Lig in besonder die rol van die hoof en onderwysersielkundige in dié verband toe.

6.12 Is u van mening dat die intelligensieverspreiding van blinde leerlinge as groep verskil van dié van siende leerlinge?

## 7. BEROEPSOPLEIDING AAN DIE SKOOL, TERSIËRE OPLEIDING EN TOEGANKLIKE BEROEPE

7.1 Sou u die beroepsrigtings waarin blindes aan u skool opgelei word, wou uitbrei? Indien wel, lig toe.

7.2 Ondervind u leerlinge soms probleme met toelating tot tersiëre opleidingsinrigtings, asook met studie aan sodanige inrigtings? Lig toe.

7.3 Is u bewus van enige spesiale toegewings en hulp aan blinde studente aan sodanige inrigtings?

7.4 Het u enige suggesties om die studie van blinde leerlinge aan sodanige inrigtings te vergemaklik?

7.5 Watter professionele beroepe is tans binne die bereik van die blinde in die RSA?

7.6 Ongeveer hoeveel van die blinde leerlinge wat u skool die afgelope vyf jaar verlaat het, het tot sodanige beroepe toegetree?

- 7.7 Watter beroepsmoontlikhede bestaan vir blinde leerlinge wat skolasties nie na wense vorder nie en ook nie handvaardig is nie?
- 7.8 Indien probleme ondervind word om *hierdie* kategorie blinde leerlinge tot die ope arbeidsmark te laat toetree, het u enige suggesties van wat moontlik gedoen kan word om die probleem die hoof te bied?
- 7.9 Wat is u mening in verband met verpligte werkverskaffing aan blindes? Bespreek asseblief.
- 7.10 Verduidelik kortliks die prosedure waarvolgens leerlinge na skoolverlating in beroepe geplaas word en die probleme wat in hierdie verband ondervind word.
- 7.11 Indien enige samewerking in hierdie verband tussen die Skool vir Blindes, die Nasionale Raad vir Blindes, die Blindewer=kersorganisasie en ander organisasies wat hulle vir die welsyn van blindes beywer, bestaan, gee 'n uiteensetting van sodanige wissel=werking.
- 7.12 Het u enige suggesties wat moontlik die indiensplasing van blinde leerlinge kan vergemaklik? (byvoorbeeld om vooroordeel van werkgewers teen te werk.)
- 7.13 Word kontak met blinde leerlinge wat u skool verlaat, gehou? Lig toe.
- 7.14 Indien 'n stelsel van nasorg bestaan, gee asseblief 'n uit=eensetting daarvan.
- 7.15 Wat word van blinde leerlinge wat vir die ope arbeidsmark voorberei is en nie betrekkings kan kry nie?
- 7.16 Gaan alle doofblindes by skoolverlating na beskutte werks=winkels, of is hulle hoofsaaklik op versorging aangewys?
- 7.17 Bestaan daar die geleentheid vir blindes om verskillende

moontlike beroepsrigtings te verken?

7.18 Is u van mening dat blinde leerlinge oor die algemeen ooreenkomstig hul potensiaal in beroepe betrek word? Of is daar heelwat gevalle van "onder potensiaal beroepsplasing"?

## 8. ONDERWYSHULPMIDDEL-, MEDIESE EN PARAMEDIESE DIENSTE

8.1 In welke mate voorsien u skool self onderwys hulpmiddels vir blindes? (byvoorbeeld literatuur in braille en op band en modelle.)

8.2 Bespreek die vernaamste probleme wat ondervind word in verband met die voorsiening van onderwys hulpmiddels.

8.3 Is daar enige nuwe onderwys hulpmiddels waaroor u meer inligting sou wou hê?

8.4 Bespreek kortliks u onderwys hulpmiddeldienste (byvoorbeeld biblioteek, brailledrukkery, bandopnamediens) met betrekking tot:

- a. personeel.
- b. uitrusting en finansiële voorsiening.
- c. integrasie in die skoolprogram.
- d. suggesties.

8.5 Is daar onderwys hulpmiddels wat u sou wou inskakel, maar nie kan bekom nie?

8.6 Bespreek die mediese en paramediese dienste wat aan die skool funksioneer.

## 9. ADDISIONELE AANGELEENTHEDE

9.1 Hoe word skakeling met ouers van blinde leerlinge bewerkstellig?

- 9.2 Is u van mening dat ouers 'n besondere bydrae kan lewer om die oriëntering van blinde kinders aan u skool te vergemaklik?
- 9.3 In hoeverre is die "deursnee ouer" in staat om sodanige bydrae te kan lewer?
- 9.4 Kan u moontlik enkele gedagtes opper oor hoe ouers gehelp kan word om die beste vir hul blinde kinders te doen?
- 9.5 Is u van mening dat toereikende integrasie van blinde leerlinge aan u skool, en normaalsiende leerlinge plaasvind? Bespreek.
- 9.6 Dit word soms genoem dat die hoofsaak is om te verseker dat die blinde persoon met die siende sal kan kommunikeer en integreer. Om hierin te slaag moet verseker word dat hulle mekaar sal aanvaar. In die lig hiervan word soms genoem dat afsonderlike skole vir blindes hul "andersheid" juis beklemtoon en verwydering van die siende tot gevolg het. Wil u moontlik hierop kommentaar lewer?
- 9.7 Watter soorte ontspannings-, kulturele en ander ekstrakurrikulêre aktiwiteite word die blinde kinders aangebied? (byvoorbeeld stokperdjies, buite- en binnemuurse spele, uitstappies, sport, verenigingslewe, mobiliteitsonderrig, selfstandigheidsonderrig, geslagsvoorligting.)
- 9.8 Kry die blinde leerling, en in besonder die leerlinge in die sekondêre skool, volgens u mening voldoende geleentheid om uitdrukking aan hul skeppingstewe te gee? Bespreek asseblief.
- 9.9 Hoe word skakeling tussen ouers en hul kinders bewerkstellig en bevorder?
- 9.10 Bespreek enige bykomstige probleme en behoeftes wat u in verband met die opvoeding en onderwys van blinde kinders aan u skool ondervind.

## BYLAE B

### VRAELYS VOLTOOI DEUR HOOFDE VAN SKOLE VIR BLINDES IN ENKELE OORSESE LANDE

#### 1. ALGEMEEN

1.1 Naam en adres van skool.

1.2 Maak u skool voorsiening vir seuns en/of meisies?

1.3 Maak u skool vir sowel swaksiende as blinde leerlinge voorsiening?

1.4 Verskaf asseblief die getal blinde

a. dagskoliere en

b. residensiële skoliere.

1.5 Vir watter vlakke en kategorieë van onderwys maak u skool voorsiening? (byvoorbeeld pre-primêr, akademies sekondêr, handel sekondêr, beroepsopleiding.)

1.6 Verstrek asseblief die getal gesigsgestremde seuns en meisies aan u skool.

1.7 Noem asseblief die belangrikste psigologiese riglyne wat u in u opvoedings- en onderwyspoging met blindes in ag neem.

1.8 Indien u skool voorsiening maak vir residensiële leerlinge, wie is verantwoordelik vir leerlingaktiwiteite in die koshuise en verleen hulp aan blinde leerlinge wat persoonlike of studieprobleme ondervind?

1.9 Indien afsonderlike koshuispersoneel vir bogenoemde take verantwoordelik is, oor watter kwalifikasies moet hulle beskik? Gee 'n kort uiteensetting van hul pligte.

1.10 Bestaan daar 'n program aan u skool waarvolgens skakeling met ouers van skoolgaande en/of voorskoolse blinde kinders gemaak word en hulp en advies aan hulle verleen word? Indien wel,

beskryf asseblief die program en aktiwiteite.

1.11 Indien u skool voorsiening maak vir pre-primêre blinde kinders, op watter ouderdom word hulle toegelaat?

- a. dagskoliere
- b. residensiële skoliere.

1.12 Word meervoudiggestremde blinde kinders tot u skool toegelaat? Indien nie, hoe word met hulle gehandel?

1.13 Verduidelik asseblief u toelatingsprosedures met betrekking tot

- a. swaksiende leerlinge met progressiewe oogkondisies.
- b. leerlinge oor wie daar twyfel bestaan of hulle as braille=kandidate of swaksiendes geklassifiseer moet word.

1.14 Bestaan daar 'n formele geslagsonderrigprogram aan u skool? Indien wel, lig toe asseblief.

1.15 Wat is die onderwyser-leerlingkwota aan u skool?

1.16 Bespreek asseblief kortliks die belangrikste aspekte van die sielkundige en voorligtingsdienste aan u skool.

1.17 Bestaan daar 'n spesiale onderrigprogram in oriëntasie en mobiliteit aan u skool?

## 2. GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS

2.1 Indien u skool voorsiening maak vir blinde kinders wat nie skolasties kan vorder nie, word hulle - in een of ander stadium - oorgeplaas na 'n afdeling waar hulle praktiesgerigte of handvaardigheidsopleiding ontvang? Indien wel, in watter stadium?

2.2 Word blinde leerlinge aan u skool wat nie aspireer om hul studies op tersiêre vlak voort te sit nie, opgelei vir spesifieke beroepe in die ope arbeid? Indien wel, vir watter beroepe word hulle opgelei en in watter stadium word met sodanige opleiding



'n begin gemaak?

2.3 Moet blinde leerlinge wat waarskynlik 'n skoolleindsertifikaat sal verwerf en hulle studies aan tersiêre opleidingsinrigtings sal voortsit, 'n spesifieke studierigting op sekondêre skoolvlak kies? Indien wel, verstrekk asseblief die verskillende studierigtinge wat gekies kan word, asook die vakke in elke studierigting.

2.4 Watter persentasie van die blinde leerlinge wat aanvanklik tot die skool toegelaat is, verwerf 'n sertifikaat wat hulle laat kwalifiseer vir opleiding op tersiêre vlak?

2.5 Watter persentasie van die leerlinge wat vir opleiding op tersiêre vlak kwalifiseer, tree tot sodanige inrigtings toe en voltooi hul studies?

2.6 Bestaan daar 'n vorm van differensiasie aan u skool waarvolgens leerlinge wat verskil ten opsigte van skoolastiese bekwaamheid, dieselfde vak op 'n hoër of laer vlak kan aanbied? Indien wel, watter vakke word op meer as een vlak aangebied?

2.7 Verskil die inhoud van sillabusse, asook die eksamens van blinde leerlinge wat aspireer om die ope arbeid direk na skoolverlating te betree, van dié van siende leerlinge? Indien wel, verstrekk asseblief die belangrikste verskille.

2.8 Verstrekk asseblief die toetse wat u tot u beskikking het en kan gebruik om 'n profiel van die potensiaal van blinde leerlinge te kry.

### 3. BEROEPSMOONTLIKHEDE VIR BLINDES

3.1 Kan u moontlik 'n uiteensetting gee van die verskillende beroepe waartoe blinde leerlinge wat u skool gedurende die afgelepe vyf jaar verlaat het, toegetree het, sowel as van die getal

skoolverlaters per beroep?

- a. Beroepe beoefen deur leerlinge wat direk na skoolverlating tot 'n beroep toetree het.
- b. Beroepe beoefen deur leerlinge wat opleiding op tersiêre vlak ontvang het.

3.2 Beperkte beroepsmoontlikhede vir blindes is 'n aktuele probleem. Bestaan daar 'n stelsel waarvolgens persone verbonde aan u skool (of aan ander organisasies) daarvoor verantwoordelik is om nuwe beroepsmoontlikhede vir blindes te verken? Indien wel, lig toe asseblief.

3.3 Wie is daarvoor verantwoordelik om u blinde skoolverlaters in beroepe te plaas? Bespreek asseblief.

3.4 Word werkgewers wetlik verplig om blinde persone in diens te neem? Indien wel, is die stelsel suksesvol en watter probleme word ondervind?

3.5 Vir watter praktiese of handvaardigheidsberoepe word blinde kinders wat nie skolasties kan vorder nie, aan u skool opgelei?

3.6 Watter persentasie van u blinde skoolverlaters word in beskutte werksinkels opgeneem?

3.7 Watter nuwe beroepe het u moontlik in gedagte wat vir blinde persone toeganklik gemaak kan word?

#### 4. TERSIÊRE OPLEIDING, SOSIALE INSKAKELING EN NASORG

4.1 Word enige opleiding op tersiêre vlak aan u skool gegee? Indien wel, gee asseblief 'n uiteensetting van sodanige opleiding.

4.2 Word enige spesiale pogings aangewend om die studie van blinde persone aan tersiêre opleidingsinrigtings te bevorder?

Indien wel, gee asseblief 'n bondige uiteensetting van wyses waarop hulp verleen word.

4.3 Sommige persone huldig die mening dat blinde leerlinge wat afsonderlike skole vir blindes bygewoon het, besondere probleme ondervind om later op sosiale vlak in die siende gemeenskap in te skakel. Ondervind u ook hierdie probleem en word spesiale pogings aangewend om dit te bowe te kom?

4.4 Sommige persone is van mening dat blinde leerlinge, met die oog op hul latere sosiale inskakeling, in koshuise saam met swak-siendes gehuisves behoort te word. Wat is volgens u mening en in die lig van die spesifieke pedagogiese behoeftes van die blinde kind, die geskikste wyse van akkommodasie? Lig toe asseblief.

4.5 Sommige persone huldig die mening dat blinde leerlinge in gewone skole (vir siendes) onderrig moet word; ander is van mening dat afsonderlike skole die beste in die behoeftes van die blinde kind kan voorsien. U mening in hierdie verband sal waardeer word.

4.6 Is daar 'n stelsel aan u skool waarvolgens skakeling met oud-leerlinge plaasvind met die doel om hulle te adviseer en hulp te verleen? Indien wel, bespreek asseblief. Indien nie, bestaan daar welsynsorganisasies wat hiervoor verantwoordelik is?

4.7 Watter prosedure word gevolg in die geval van blinde skoolverlaters wat voorberei is vir 'n beroep in die ope arbeid, maar wat nie 'n geskikte beroep kan vind nie?

4.8 Stel asseblief die mees aktuele probleme wat u in die opvoeding en onderwys van blindes ondervind. Kan u moontlike oplossings vir van hierdie probleme suggereer?

PERSONE IN DIE RSA MET WIE ONDERHOUDE OF SAMESPREKINGS  
GEVOER IS

1. Hoof, Skool vir Blindes, Worcester
2. Adjunkhoof, Skool vir Blindes, Worcester.
3. Vise-hoof, Skool vir Blindes, Worcester.
4. Onderwysersielkundige, Skool vir Blindes, Worcester.
5. Musiekonderwyser, Skool vir Blindes, Worcester.
6. Onderwyspersoneel, Skool vir Blindes, Worcester.
7. Koshuisvader en koshuismoeder, Skool vir Blindes, Worces=  
ter.
8. Oud-leerling, Skool vir Blindes, Worcester.
9. Ouers van blinde leerlinge, Worcester.
10. Hoof, Prinshofskool, Pretoria.
11. Onderwysersielkundige, Prinshofskool, Pretoria.
12. Onderwyspersoneel, Prinshofskool, Pretoria.
13. Moeder van blinde leerling, Pretoria.
14. Inspekteur, Departement van Nasionale Opvoeding, Pretoria.
15. Senior lektor, Departement Ortopedagogiek, Fakulteit  
Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika.
16. Skakelbeampste, Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes,  
Pretoria.
17. Beroepsplasingbeampste, Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir  
Blindes, Pretoria.
18. Twee blinde studente, Pretoria.

19. Beroepsplasingbeampies, Departement van Arbeid,  
Pretoria.
20. Optometris, Pretoria.
21. Genetikus, Departement van Gesondheid, Pretoria.
22. Instruksie, Telefonieopleiding, Hoofposkantoor,  
Pretoria.
23. Oftalmoloog, Prinshofskool, Pretoria.

BYLAE D

PERSONE IN DIE BUITELAND WAT 'N VRAELYS VOLTOOI OF  
INLIGTING OP BAND VERSTREK HET

1.     Direktrise, Koninklijk Instituut voor Dove en Blinde Meisjes, Brussel, België.
2.     Direkteur, Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichts=zwakke Jongens, Brussel, België.
3.     Direktrise, Koninklijk Instituut Spemali voor Blinde en Slechttiende Meisjes en Jongens, Brugge, België.
4.     Direktrise, Instituut Ganspoel, Huldenberg, België.
5.     Direkteur, Bartiméus Christelijk Instituut voor Blinden en Slechttienden, Zeist, Nederland.
6.     Hoof, Scuola Statale di Metodo 'A Romagnoli per gli Educatori dei Ciechi, Rome, Italië.
7.     Direkteur, Sonderschule für Sehbehinderte, Hannover, West-Duitsland.
8.     Beroepsplasingbeampte, Royal National Institute for the Blind, Londen, Engeland.